



## **Lemmetjiesdraad, gebreekte bene en gekleurde papier!**

*So kyk ons atletiek op 'n LandRover se dak buite die stadion in Paarl. Deur die lemmetjiesdraad, want toeskouers mag nie in nie... nie ouers nie, nie oupas en oumas nie. Niemand nie. Net die atlete, sommige afrigters en beamptes. Covid-19 reëls.*

*Langs ons staan mense van Bethlehem in die Vrystaat. Die twee mans sit op stoele bo-op raamwerk op die bakkie se dak. Hulle is ingerig vir die "roofkyk" oor die muur deur die lemmetjiesdraad.*

*Ons kon nie in nie, maar het 'n plan gemaak en op die ou end was dit effens van 'n avontuur. Positief. Lekker. Anders.*

*Op elkeen se pad kom daar dinge waaraan jy niks kan doen nie. Hoe jy daarop reageer en dit hanteer is seker die antwoord op die uitdaging? Elkeen hanteer veranderlikes in hul lewe anders, want niemand is dieselfde nie.*

*Dit laat my dink aan kleintyd met die lekkers wat in gekleurde papier toegedraai was. Dit was groot pret om deur die papier na mekaar of na 'n blom of so te kyk, want jou kleur papier het bepaal watter kleur die persoon of blom sou wees. As jy deur 'n blou papier sou kyk, was alles blou, as dit 'n rooi papier was, was alles weer rooi...en daar was geel, pers, groen en geel lekkergoed papiertjies. Dan was daar dié wat nie hulle papier wou ruil nie, dus was alles bv. blou en hulle sou later stry as iemand sou sê dis eintlik rooi... En op die ou end was almal reg, dit hang af deur watter kleur jy na die lewe kyk, maar eintlik is alles maar dieselfde.*

*Twee mans het eens op 'n tyd 'n hospitaalkamer gedeel. Die een pasiënt se been is geamputeer en die ander pasiënt se been is gebreek. Die man met die gebreekte been het 'n paar keer by van sy besoekers gehoor hoe dankbaar hy kan wees dat sy been net gebreek is, "Want die man wat oorkant jou lê se been is geamputeer."*

*'n Dokter het die gesprek gehoor, nader gestap en aan die besoeker gesê: "Die feit dat die man se been geamputeer is, maak nie die pyn van jou vriend se gebreekte been minder nie."*

## NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

- 250 mense word nou tydens eredienste toegelaat en weens dié aanpassing sal die laaste video-boodskap Vrydag 2 April op sosiale media beskikbaar wees. Sodra die getalle weer verminder word na 100 of 50 mense, sal ds. Petrie weer begin met aanlyn geestelike Sondae video-boodskappe.
- Aansoeke vir uitstallings vir die Feesmark is nou oop. Vorms is beskikbaar op die webblad en op die kerk se Feesmark Facebook-blad.
- Sondag 18 April Erediens – ds. Bas Peters
- Koekies (R20) en beskuit (R40) nou in die kerkkantoor beskikbaar!
- Druiwekonfyt (Hanepoot) nou in die kerkkantoor beskikbaar! (R40/R50)

### VOORBIDDING:

- ♥ Ds. Bas Peters vir sy boodskap.
- ♥ Sybrand Vermeulen - tans weer in hospitaal
- ♥ Ons innige meegevoel met Marion Louw en gesin met die heengaan van haar man, Giel.
- ♥ Vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!

As ons vir jou, jou familie of vriende kan bid, stuur asseblief 'n boodskap met jou gebedsverzoek na 0825605283 of stuur 'n epos na [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za).

Jy kan jou naam bysit, of anoniem bly.

Bv. Bid asb vir ... vir die werksonderhoud Vrydag. Of Bid vir ...wat in die hospitaal is (ens)

# Program vir die week

## SONDAG 18 APRIL

- 09:00 Erediens. Ds. Bas Peters. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.  
09:00-10:15 Kinderkerk: **Dinamiet Kiedz/Belofteland** Karin Kuys (0836430653)  
17:00-19:00 Lifeline Youth **Tijane Visser** (0832870954) & **Attie Lambrechts** (0794422230)  
*Fliekaand – bring jou eie kussing en kombes saam! Flik sal later bekend gemaak word*

## MAANDAG 19 APRIL

- 19:00 Rapha Vroue – kontak Kerkkantoor

## DINSDAG 20 APRIL

- 09:00/18:00 Veritas Bybelskool module 1/2

## WOENSDAG 21 APRIL

- 08:00 Senior Manne  
09:00 Bidgroep  
09:00 Veritas Bybelskool module 3/4

## DONDERDAG 22 APRIL

- 09:00 Gebedskursus - Gratis - *Kerkkantoor: (0218535991)*

## VRYDAG 23 APRIL

### Skole sluit

- 05:30 Sakemanne  
06:00 Mannebyeenkoms (kerk)

## SONDAG 25 APRIL

- 09:00 Erediens. Ds. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.

### Skoolvakansie

# DANKOFFER EN BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die  
**ZAPPER selfoon toepassing gee.**

Vir meer inligting of navrae:  
Charlene @ 021 853 5991



Lourensrivier Gemeente  
ABSA (Strand)  
Takkode: 334-312  
Reknr. 420 580 231  
Betalingsbewys asb. aan: fin@lourensrivier.co.za

## Beste Vriend

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika het teen die einde van verlede jaar Die Bybel: 2020-vertaling bekendgestel. Hierdie nuwe vertaling het heelwat aanklank by Afrikaanssprekende Christene gevind, maar die geweldige spoed waarmee hierdie Bybels regoor die land opgeraap is, het ons heeltemal onkant betrap.

Meer as 30 000 eksemplare van die 2020-vertaling is reeds verkoop. Verskillende bindstyle het heeltemal uitverkoop en die aantal name op ons waglyste toon duidelik 'n hoë aanvraag na hierdie vertaling.

***“Dié vertaling is ’n uitstekende poging om, ’n eerlike, akkuraat opgedateerde dog altyd bronteksgetroue weergawe van die Bybel te lese te kry.”*** – Dr Gustav Claassen

Ons hoop dat die nuwe besending Bybels wat pas gearriveer het, darem in die onmiddellike behoeftes van ons kliënte sal voorsien. Hierdie Bybels in al die beskikbare bindstyle kan nou by jou naaste Bybelhuis of ons aanlynwinkel gekoop word. So kry vandag nog jou Bybel terwyl voorraad hou.

Nog goeie nuus is dat daar ’n nuwe toevoeging tot die bindstyle is — ’n luukse verwerkte Leerbybel wat die Deuterokanonieke boeke insluit. Hierdie top kwaliteit Bybel met sy verwerkte leeromslag, goud-opsnee en duimindeksering is nou beskikbaar.

Kliek op die link om jou Bybel te koop

<https://shop.biblesociety.co.za/browse/category/35/publisher/all/index>

Moet ook nie vergeet van ons Engelse Uitreikbybels wat ook tans teen ’n spesiale prys beskikbaar is nie. Ons Good News Translation Bybels is tot 30 Junie 2021 teen slegs R43 beskikbaar. Dit is ’n besparing van 14%! As jy betrokke is by enige bediening waar Bybelverspreiding plaasvind, is hierdie Bybels ideaal om jou evangelisasiewerk te help. Kontak ons verkoopsafdeling direk by [sales@biblesociety.co.za](mailto:sales@biblesociety.co.za) of 021 910 8733.

## Hoop vir 'n moedelse tyd:

Daar is onlangs aan 3 000 mense gevra: "Wat het jy om voor te lewe?" Die skokkende ontdekking was dat 94% eenvoudig die teenswoordige verdra terwyl hulle op die toekoms wag ... wag vir iets om te gebeur, wag vir die nuwe jaar, wag vir 'n beter tyd om aan te breek, wag vir môre. Hulle het nie besef dat "vandag" al is wat 'n mens werklik het nie, want gister is vir ewig verby en môre is nog onseker.

- Deur: Willem Badenhorst

Klik hier vir die volledige artikel: <https://www.joydigitalmag.com/afrikaans2/hoop-vir-n-hopelose-tyd/>

## Krag vir tye soos hierdie: Deur: Gerald Ferreira

Ek kan nie vir jou sê hoeveel mense al met my gepraat het oor hulle swakhede of hoe swak hulle voel nie. Ons almal beleef dit die een of ander tyd. Daarom is dit noodsaaklik, selfs van kritieke belang, dat ons 'n diepe wete in die lewe moet hê dat God se genade genoeg is vir ons. 2 Korintiërs 12:9-10 sê dit alles: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

Dalk voel jy dat jy nie het wat dit gaan verg om die wa deur die drif te trek of om hierdie uitdagende tye te oorleef nie, maar Sy genade is genoeg vir jou. **Klik op die link vir die volledige artikel:**

<https://www.joydigitalmag.com/afrikaans2/krag-vir-tye-soos-hierdie/>

PANNEKOEK  
R6



KINDERKERK / PANNEKOEKPROJEK

Ons wil net weer baie dankie sê vir al die pannekoek bydraes, bestellings, skenkings en ondersteuning. Dit is 'n wonderlike begin. Ons volgende pannekoek dag is Sondag 30ste Mei.

### *Hoe werk dit?:*

- *Besluit hoeveel pannekoek jy wil bestel.*
- *R6 per pannekoek*
- *Betaal die bedrag oor per EFT voor Donderdag 27 Mei vir afhaal op Sondag 30 Mei, direk na kerk.*
- *Bank info: Lourensrivier Gemeente. ABSA (Strand). Takkode: 334312. Rek.nr: 420580231*
- *Stuur jou bestelling, (naam en hoeveelheid) na 0825605283...of*
- *Bestel en betaal in die kerkkantoor, weksdae: 09:00-14:00 (021-8535991)*
- *Afsnydatum vir bestellings is Donderdag 27 Mei 14:00*
- *Kom kry jou bestelling direk na die erediens, Sondag 30 Mei.*
- *Ons gaan elke maand pannekoek verkoop....hou die spasie dop vir die datums.*
- *Betalings en bestellings moet asb. voor die afsnydatum gedoen word, geen kontant of bestellings sal op die Sondag waarop die pannekoek afgehaal word, hanteer word nie.*

# Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik

**KYURITE** 065 816 9617

## HEARING CARE

*For better hearing*

- Minimal discomfort • Easy parking access
- Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
- Repair / custom / sleep earplugs / earbuds
- Check-ups on repairs and new hearing aids

*...and professional audiology services*

Joey/Oudré Hout Centre: Broadview Blvd & De Roma Street, Strand, Strand



**bp helderberg**



BROADWAY 87  
STRAND

**021 854 7200**

**FIRE UP**



- BRAAI AND KAGGEL WOOD
- GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL

Andre 076 019 8278

**WE DELIVER**

Your Property Consultant  
Bessette Oosthuizen

021 82 872 7200  
b.oosthuizen@harcourts.co.za

**Harcourts Platinum**



**JN POOLS**



JEAN NAUDE: 082 559 4285

- Hangless Kitchens
- Pool Installation
- Water Saving
- Care Dabling
- Roof Repairs
- Paving

info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za

**FTH ACCOUNTANTS**

Floris Ter Haar  
Professional Accountant (SA)

Tel: 021 853 4398  
Cell: 082 741 7878  
Fax: 082 021 854 5741  
E-mail: floris@fth.co.za

20 Convent Street  
Strand, 7140  
Bayside Harbour

**HBP**

HELDERBERG BUILD & PAINT

STUART JACKSON

082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za  
www.hbpconstruction.co.za

**SASOL**

Willie Strydom  
Trustee & Franchisee

Sasol Somerset West Trust  
PO Box 1520, Strand, 7140, South Africa  
Tel: +27(0)21 812 2838  
Fax: +27(0)21 812 2819  
Cell: +27(0)78 818 2153  
w.strydom@sasol.co.za

**MSA**

MARIUS STENEKAMP  
ACCOUNTANT

Unit 2, Little Green  
George St, Strand  
P.O. Box 1178, Strand, 7139  
Tel: 021 837 1235/6  
Fax: 886 274 2860  
Cell: 084 448 4429  
marius@stenekamp.co.za  
www.stenekamp.co.za

Dr Wimpie Basson

Helderberg Dentists

T 021 853 7301 F 021 854 4347 C 083 429 1472  
E drbasson@afrika.com www.helderbergdentists.co.za  
Hoofweg 115 Main Road, Strand  
PO Box 422, Strand 7139

Jou finansiële toekomst

Wille Fagan  
Senior Financial Planner  
021 853 0179 / 082 460 1046  
adrian@arcari.co.za

Arcari

**STRAND KWIKSPAR**

Shopping Centre, Cnr Broadmead & De Roma Street, Strand, 7140

T: 021 853 2096  
F: 021 853 7674  
E: strandkwikspar@fsh.co.za

**Flamers**  
CHICKEN GRILL

021 854 7774



Methe Planner

021 853 0174  
082 460 1046  
www.metheplanner.co.za

Book Now!  
@metheplanner



**NAILIT**

- Painting
- Tiling
- Roof repairs
- Bathrooms

QUALITY WORKMANSHIP  
Pierre Oosthuizen  
072 929 4373

HANDYMAN SERVICES

**29 MEI 2021**

# KERSMARKTE

**KEURING SLUITINGSdatum vir Uitstallers**

11 Markte

Uitstallers moet self onderskeie markte van hul keuse (sien epos adres) kontak om meer inligting en om 'n aansoekvorm.

<p><b>CALEDON KERSMARK</b> 1 Nov – 6 Nov, 2021 Chrisna Delpart cd@gaf1.co.za</p>	<p><b>GANSBAAI KERSMARK</b> 6 Des – 22 Des 2021 Yvonne Roux gansbaai.kersmark@gmail.com</p>
<p><b>CRAFT EXPO @ LANGEBAAN</b> 24 Des 2021 – 8 Jan 2022 Barbra &amp; Albie craftexpo.lbn@gmail.com</p>	<p><b>SON &amp; SEE FEESMARK HERMANUS</b> 13 Des 2021 – 8 Jan 2022 Mariet Basson kerkkanloor@ngkerkhermanus.co.za</p>
<p><b>DISAKLOOF GIFT MARKET BETTY'S BAY</b> 15 Des 2021 - 1 Jan 2022 Elize Boucher disakloofgiftmarket@gmail.com</p>	<p><b>PAARL FEESMARK</b> 22 Nov - 4 Des 2021 Margie Du Plessis paarlfeesmark@gmail.com</p>
<p><b>KLEINMOND KERSMARK</b> 11 Des – 24 Des 2021 Anna-Marie Du Preez adupreez0@gmail.com</p>	<p><b>KERSMARK MET LIEFDE - VILLIERSDORP</b> 24 Nov – 28 Nov 2021 Helmarie van der Marwe info@metheplanner.co.za</p>
<p><b>LOURENSRIVIER STRAND FEESMARK</b> 22 Okt – 6 Nov 2021 Annalie Möller lourensriverfeesmark@gmail.com</p>	<p><b>WESKUS KERSMARK</b> 14 Des – 23 Des 2021 Anna Brand weskusmark@akkerdykkerk.co.za</p>
<p>Navrae   072 269 6592</p>	<p><b>WORCESTER-OOS KERSMARK</b> 18 Nov – 4 Des 2021 Elizette Du Toit kersmark@ngkworcoos.org.za</p>